

22.3 RAPPORT DEPUTATE LITURGIESE SAKE – SUBGROEPE SESOTHO, SETSWANA EN SEPEDI (Art 73)

22.3 REPORT DEPUTIES LITURGICAL AFFAIRS – SUBGROUPS SESOTHO, SETSWANA AND SEPEDI (Art 73)

- A. Di JL van der Schyff en MM Molokwane stel die Rapport.
Revs. JL van der Schyff and MM Molokwane table the Report.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. RAPPORT / REPORT

<p>1. Sake waarvan die Sinode kennis neem</p> <p>1.1 <i>Opdrag: Acta 2012:411, 2.1-2.3 en 2.8</i></p> <p>1.1.1 'n Gereformeerde kerk liedboek moet vir die Sotho-sprekende kerke saamgestel word, met goedgekeurde liedere van die Lifela tsa Sione en nuwe Sotho Psalms geskryf met Afrika-musiek om die 150 Psalms te voltooi.</p> <p>1.1.2 Al die goedgekeurde liedere moet op die GKSA-webblad gelaaai word.</p> <p>1.1.3 Die uitvoer van die opdragte wat Sinode 2012 aan die Deputate (Acta 2012:411, 2.1-2.3 en 2.8) opgedra het, moet voortgaan.</p> <p>1.1.4 Deputate moet vir elk van die verskillende taalgroepe aangewys word om die werk te behartig.</p> <p>1.1.5 Twee lede van die bestaande sub-groep Afrikaanse berymings moet aangewys word om die Deputate van elk van die verskillende taalgroepe te adviseur, gegewe hulle kennis en ervaring.</p> <p>1.2 <i>Waarnemings</i> Die volgende word oorgedra:</p> <p>1.2.1 <u>Lifela tsa Sione</u></p> <p>1.2.1.1 Die <i>Lifela tsa Sione</i>-berymings is elektronies by Play Store beskikbaar en sal afgelaaai word sodat lidmate dit van hulle selfone kan sing.</p> <p>1.2.1.2 Die <i>Lifela tsa Sione</i>-berymings is beskikbaar in pdf.</p> <p>1.2.1.3 'n Honderd van die bekende <i>Lifela tsa Sione</i>-berymings is op PowerPoint beskikbaar (om op 'n skerm te projekteer tydens eredienste).</p> <p>1.2.1.4 Al die berymings van <i>Lifela tsa Sione</i> is reeds ingedeel of</p>	<p>1. Matters that the Synod takes note of</p> <p>1.1 <i>Mandate: Acta 2012:411, 2.1-2.3 and 2.8</i></p> <p>1.1.1 A Reformed Church Song book is to be published for the Sotho-speaking churches, containing approved songs of the Lifela tsa Sione and new Sotho Psalms composed with African music, with the aim to complete the 150 Psalms.</p> <p>1.1.2 All approved songs to be loaded onto the GKSA website.</p> <p>1.1.3 The execution of the instructions, Synod 2012 gave to the Deputies (Acta 2012:411, 2.1-2.3 and 2.8) is to continue.</p> <p>1.1.4 Deputies are to be appointed for each of the different language groups to complete the work resulting from the above mentioned instructions.</p> <p>1.1.5 Two members of the existing sub-group Afrikaans hymns to be appointed to advise the Deputies of each of the different language groups, given their knowledge and experience.</p> <p>1.2 <i>Observations</i> The following observations were made:</p> <p>1.2.1 <u>Lifela tsa Sione</u></p> <p>1.2.1.1 The <i>Lifela tsa Sione</i> hymns are electronically available on Play Store. And when downloaded, congregants can sing from their cell phones.</p> <p>1.2.1.2 The <i>Lifela tsa Sione</i> hymns are available on pdf.</p> <p>1.2.1.3 100 of the well-known <i>Lifela tsa Sione</i> hymns are available on Powerpoint (for projection during the church service).</p> <p>1.2.1.4 All the hymns in <i>Lifela tsa Sione</i> are already categorized or classified</p>
---	--

<p>geklassifiseer volgens hulle gebruik gedurende eredienste (kyk die agterste bladsy van die liedboek).</p> <p>1.2.1.5 Sommige van die liedere in <i>Lifela tsa Sione</i> het Skrifverwysings (kyk agterste bladsy van die liedboek).</p> <p>1.2.1.6 Meeste van die liedere in <i>Lifela tsa Sione</i> kan op dieselfde melodie gesing word (kyk agterste bladsy van die liedboek).</p> <p>1.2.1.7 Waar dit kom by 'n lied in <i>Lifela tsa Sione</i> wat nie as Skrifgebaseerd beskou word nie, spreek Prof Rantoa Letšosa in sy doktorsgraadverhandeling, "A relevant liturgy for the Reformed Churches in Synod Midlands" (2005:169-171), in-diepte oor die gebruik van kerkmusiek en dien as riglyn vir die verstaan en sing van liedere.</p>	<p>accordingly for usage during the worship service (refer to the back pages of the hymn book).</p> <p>1.2.1.5 Some of the hymns in <i>Lifela tsa Sione</i> have Scripture reference (refer to the back page of the hymn book).</p> <p>1.2.1.6 Most of the hymns in <i>Lifela tsa Sione</i> can be sung using the same melody or tune (refer to the back page of the hymn book).</p> <p>1.2.1.7 Regarding whether a particular song in <i>Lifela tsa Sione</i> is deemed not be Scripturally sound, in his Ph.D Thesis, "A relevant liturgy for the Reformed Churches in Synod Midlands" (2005:169-171), Prof Rantoa Letšosa deals in detail about the usage of church music which serves as a guideline on how to understand and sing the hymns.</p>
<p>1.2.2 <u>Dipesalema in Setswana en Sesotho</u></p>	<p>1.2.2 <u>Dipesalema in Setswana and Sesotho</u></p>
<p>1.2.2.1 Die Psalms in beide Setswana en Sesotho is nie geklassifiseer nie, maar die indeling van die Afrikaanse Psalms kan hiervoor gebruik word.</p>	<p>1.2.2.1 The Psalms in both Setswana and Sesotho are not categorized but the classification or category as applied to the Afrikaans-Psalms can be used in this regard.</p>
<p>1.2.3 <u>Die ooreenkoms in gebruik van die Psalms in beide Setswana en Sesotho</u></p>	<p>1.2.3 <u>The commonality in the usage of the Psalms both in Setswana and Sesotho</u></p>
<p>1.2.3.1 Alhoewel meeste kerke van hierdie drie taalgroepe die <i>Lifela tsa Sione</i> gebruik, is daar ook kerke wat die 1976-groenboek Psalms in Setswana en die oranjeboek <i>Dipesaleme</i> (Psalms in Suid-Sesotho) gebruik. Daar is ook kerke wat die <i>Hosanna</i> ('n liedboek van die Uniting Reformed Church in South Africa) gebruik.</p>	<p>1.2.3.1 Although most of the churches of these three language groups use the <i>Lifela tsa Sione</i>, there are some churches who use the 1976 green book Psalms in Setswana and the orange book <i>Dipesaleme</i> (Psalms in Southern-Sesotho) and there are some churches who use the <i>Hosanna</i> (a hymn book used in the Uniting Reformed Church in South Africa).</p>
<p>1.2.3.2 Alhoewel die Psalms in beide Sesotho en Setswana nie so bekend aan sekere kerke is nie en nie dikwels in hierdie drie taalgroepe gebruik word nie, gebruik meeste van die Setswanasprekende kerke in die Noordwes die Psalms in Setswana gedurende eredienste, terwyl sommige beide <i>Lifela tsa Sione</i> en die Psalms in Setswana gebruik.</p>	<p>1.2.3.2 Although the Psalms in both Sesotho and Setswana are not well-known to some churches and not frequently used in these three language groups, most of the Setswana speaking churches in the North-West use the Psalms in Setswana during the worship services, whereas some use both the <i>Lifela tsa Sione</i> and the Psalms in Setswana.</p>
<p>1.2.3.3 Die Psalms moet aan hierdie kerke voorgelê word sodat hulle daarmee vertrouwd kan raak. Een van die hoofredes dat die Sothosprekende</p>	<p>1.2.3.3 There is a need to introduce the Psalms to the churches and make the churches familiar to the Psalms. One of the main reasons the Sotho-</p>

<p>kerke nie die Psalms sing nie is omdat die melodieë so verskil van die Afrika-musiekidoom. Daar is algemene samestemming dat die kerke aangemoedig moet word om Psalms te sing.</p> <p>1.2.3.4 Alternatiewe melodieë vir sommige van die Psalms kan oorweeg word. Daar is die moontlikheid van 'n koor of dat die kerke wat reeds die Psalms in Setswana (of in Sesotho) sing, aangemoedig moet word om hulle sang op te neem en dit dan aan ander kerke beskikbaar te stel via Dropbox of die webblad van die kerk.</p> <p>1.2.3.5 Die enigste vraag is of die Psalms in beide Setswana en Sesotho by die <i>Lifela tsa Sione</i> ingesluit moet word om een liedboek te vorm of dat elke groep sy eie liedboek, in sy spesifieke taal, moet hê. Die eerste opsie mag moeilik wees omdat dit so 'n gemeenskaplike liedboek te groot sal maak. Sou die tweede opsie oorweeg word, moet die drukkoste daarvan in gedagte gehou word.</p> <p>1.2.4 <u>Die Liturgiese Formuliere</u> Al drie die Sothosprekende kerke het elk 'n boekie met Liturgiese Formuliere. Dit word aangeraai dat hulle by die liedboek ingesluit word. Dieselfde uitdagings in 1.2.3.5 genoem is hier van toepassing.</p> <p>1.2.5 <u>Uitgawe</u> In terme van die Reglement van die Totiusfonds, soos gewysig op die 2018 Algemene Sinode, om te voorsien vir die uitgee van amptelike Psalmboeke en liedboeke van die GKSA, is die volgende opgemerk in terme van die saamstel en uitgawe van 'n liedboek vir gebruik in al drie van die Sothogroep:</p> <p>1.2.5.1 'n Gemeenskaplike liedboek is nodig wat all die goedgekeurde liedere in die <i>Lifela tsa Sione</i>, die Psalms en ook die Liturgiese Formuliere bevat.</p> <p>1.2.5.2 Hierdie opsie mag problematies wees in dat die Psalms in beide tale</p>	<p>speaking churches do not sing the Psalms is that the melodies do not fit the African musical idiom. There is a general consensus that the churches be encouraged to sing the Psalms.</p> <p>1.2.3.4 Alternative melodies in singing some of Psalms should be considered. The possibility of a choir or the churches that already sing the Psalms in Setswana (or in Sesotho) should be encouraged to record the melodies they sing and that the recordings should be distributed to other churches by means of drop box or the web page of the church.</p> <p>1.2.3.5 The only challenge is whether the Psalms both in Setswana and Sesotho should be attached to the <i>Lifela tsa Sione</i> to become one hymn book / psalter or that each group to have its own hymn book / psalter in their respective language. The first option might prove to be difficult because it will make a common hymn book too big. If the second option is to be considered, the challenge of costs involved in printing should be considered.</p> <p>1.2.4 <u>The Liturgical Forms</u> All the three Sotho-speaking churches each have a booklet that contains Liturgical Forms. It would be advisable to make them part of or be included in the hymn book / psalter. Regarding the challenges in this regard, 1.2.3.5 above also apply here.</p> <p>1.2.5 <u>Publication</u> Understanding the Regulations of the Totius funds, as amended by the 2018 General Synod, to provide for the publication of official Psalters and Chorale books of the GKSA, the following observations were made regarding the compilation and the publishing of a hymn book that will be used in all the three different Sotho groups:</p> <p>1.2.5.1 There is a need for a common hymn book / psalter that contains all the approved songs in the <i>Lifela tsa Sione</i>, the Psalms and also the Liturgical Forms.</p> <p>1.2.5.2 This option has a challenge that the Psalms in both languages will be</p>
---	--

<p>in een liedboek saamgevat sal word wat dalk onnodig mag wees, behalwe as 'n aparte liedboek vir elke taalgroep saamgestel word, byvoorbeeld een met die <i>Lifela tsa Sione</i> en Psalms in Setswana en die ander een ook met die <i>Lifela tsa Sione</i> met Psalms in Sesotho en beide met die Liturgiese Formuliere in hulle eie tale, met weereens die koste soos hierbo in 1.2.3.5 en 1.2.4 genoem.</p> <p>Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.5.2 kennis geneem.</p> <p>2. Sake waaroor die Sinode besluit</p> <p>2.1 Die te benoeme Deputate Publikasies laat druk in samewerking met die te benoeme Deputate Liturgie: <i>Subgroep Sesotho, Setswana en Sepedi</i> die Liedboek op die mees koste-effektiewe manier.</p> <p>Besluit: Goedgekeur (wysigings reeds aangebring – Deputate Handeling).</p>	<p>contained in one hymn book / psalter which might prove to be unnecessary, unless a separate hymn book / psalter is compiled for each language group, for instance one with <i>Lifela tsa Sione</i> and Psalms in Setswana and the other one also containing <i>Lifela tsa Sione</i> with Psalms in Sesotho and each with Liturgical Forms in their respective languages, but also considering the impact on finances as mentioned in 1.2.3.5 and 1.2.4 above.</p> <p>Decision: Points 1.1 to 1.2.5.2 noted.</p> <p>2. Matters that the Synod decides on</p> <p>2.1 The to be nominated Deputies Publications should, in conjunction with the to be nominated Deputies Liturgy: <i>Subgroup Sesotho, Setswana and Sepedi</i>, publish the Songbook in the most cost-effective manner.</p> <p>Decision: Approved (amendments already made – Deputies Acta).</p>
--	---